



Wiskunde
Plussomme
Les 1

# Plus: 3-syfergetal + 2-syfergetal

- Hoe doen ek dit?

Kyk mooi na die stappe. Ons gebruik die opbreekmetode.





# Lees die volgende som

- Verlede Saterdagoggend was daar 375 mense in Checkers. Toe kom daar nog 54 mense in. Hoeveel mense was daar toe in Checkers?




- Watter soort som gaan jy doen om die antwoord te bereken?

- Dis reg! Jy gaan 'n **plussom** doen.



# Nou gaan ons die som doen.



- **Stap 1: Breek die getalle op in honderde, tiene en ene:**

  375 + 54 = □

  → (300 + 70 + 5) + (50 + 4) (Uitgebreide notasie / herbenoem)

- **Stap 2: Tel nou die honderde bymekaar, dan die tiene en dan die ene:**

  300 + 0 = 300 (Kyk mooi, die 2e getal in hierdie som het nie honderde nie!)

  70 + 50 = 120

  5 + 4 = 9

- **Stap 3: Bereken die antwoord deur die 3 antwoorde bymekaar te tel:**

  300 + 100 + 20 + 9 = 429 (ekstra stap)

  400 + 20 + 9 = 429

# Kom ons kyk na nog ‘n voorbeeld:

- 362 + 83 = □

(300 + 60 + 2) + (80 + 3) (Breek getalle op – uitgebreide notasie)

300 + 0 = 300 (Tel honderde bymekaar)

60 + 80 = 140 (Tel tiene bymekaar)

2 + 3 = 5 (Tel ene bymekaar)

300 + 140 + 5 = 445 (of 300 + 100 + 40 + 5 = 445)



Doen nou self die volgende somme. Maak seker van die stappe!

Oefen eers hierdie een:

- 241 + 37 = □
- 200 + …..
- 40 + …..
- 1 + …..
- ……



Nou doen jy hierdie op jou eie:

1. 365 + 38 = □
2. 283 + 46 = □
3. 442 + 25 = □
4. 196 + 84 = □

Woordsom: Daar is 132 leerders in Gr. 2 en 97 leerders in Gr. 3. Hoeveel leerders is daar altesaam?